



KINDERWERKKAART - Josua 1

Wees sterk
wees vasberade,
want ek die Here
jou God is by jou
oral waar jy
gaan



JOSUA 1:9

LEES JOSUA 1:1-9 VOLTOOI DIE BLOKRAAI



AF

1. Na die dood van _____, die dienaar van die Here het die Here vir Joshua, opdrag gegee om homself gereed te maak om te trek saam met die hele volk
2. Maak jy nou gereed en trek deur die _____, jy en hierdie hele volk.
3. Solank jy _____, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, nie nie verlaat nie.
4. Ek sal jou nie in die _____ laat nie, nie verlaat nie.

DWARS


5. Die Here gee aan hul elke plek waar hul kom vanaf Libanon af tot aan die
groot rivier, die _____, die hele gebied van die Hetiete tot aan die Groot See.
6. Wees _____, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.
7. _____ skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die _____ jou God, is by jou oral waar jy gaan.
8. Ek, die _____ jou God, is by jou oral waar jy gaan.

STAP 1 -Volg die stappe en vou die papiervliegtuig.

STAP 2 – Gaan na buite en hou jou vliegtuig hoog in die lug voor die son

STAP 3 – Sien die skaduwee van die vliegtuig op die grond.

STAP 4 – Jy kan jou vliegtuig versier soos jy wil



Nou is ons gereed vir ons spelletjie!

Probeer om jou vliegtuig iewers in die son op so manier te hou sodat dit nie 'n skaduwee sal gooi op die grond nie.

Kon jy dit reg kry?

Onthou! Soos wat ons nie van ons eie skaduwee of die skaduwee van die vliegtuig kan weg kom as ons in die lig is nie. So kan ons ook nooit wegkom van Here af as ons in Sy lig is nie, Hy is met jou waar jy ook mag gaan.

OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

OUERS VRA DIE VOLGENDE VRAE AAN U KINDERS?

1. Kan jy die vliegtuig se skaduwee weg neem (Nee)
2. Waar moet die vliegtuig wees om 'n skaduwee te kan gooi (In die lig)
3. Wat gebeur met die vliegtuig se skaduwee in die donker (dit verdwyn)
4. Kan die Here verdwyn? (Nee)

5. Waar is die Here as ek nie in die lig is nie, maar in die donker? (Die Here is steeds daar al kan ons Hom nie sien nie)

LES: Ek hoef nooit bang te wees nie, want die Here is orals waar ek gaan.

Kom ons sing nou die volgende gesang saam:

GESANG 177

1. EK SIEN 'N NUWE HEMEL KOM,
'N AARDE NUUT EN VRY.
DIE SEE EN AL WAT SKEI, VERDWYN.
GOD SELF KOM BY ONS BLY.
2. DIE NUWE STAD, JERUSALEM,
DAAL UIT DIE HEMEL NEER:
SKOON SOOS 'N BRUID IN HEERLIKHEID -
GELIEFDE VAN DIE HEER.
3. DIE HEER DROOG AL DIE TRANE AF,
VERBY IS DROEFHEID, DOOD.
JA, PYN EN SMART WYK UIT DIE HART -
ONS MOEITE, ANGS EN NOOD.
4. "KYK, EK MAAK ALLES NUUT," S^ GOD.
"LAAT HOM WAT DORS HET, KOM.
EN HY SAL VIND, HY IS MY KIND,
EK IS 'N GOD VIR HOM !"
5. OORWINNAARS, SAL ONS ALLES ERF
EN DRINK UIT DIE FONTEIN
VAN LEWENSWATER, HEERLIK, REIN.
EN GOD SAL OOR ONS SKYN